# SLUITING, VERVREEMDING EN OORDRAGTE

## Voorgestelde vervreemding by wyse van sloping: 10 erwe geleë langs die M24, Claremont, Kaapstad (IRT-werkpakket W1)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom (goedgekeur op 26 Oktober 2010) dat die Raad oorweging skenk aan 'n aansoek om vervreemding by wyse van sloping van onbewoonde huise/geboue op erf 146671, 52257, 52256, 52255, 52254, 53509, 52423, 110205, 177329 en 52424 wat langs die M24, Claremont, Kaapstad geleë is.

**Inligtingsverklaring:**

a) Die gedepresieerde waarde per gebou word tans bepaal.

b) Die strukture is onbewoon en vereis sloping om verdere vandalisme te voorkom en om die risiko vir openbare veiligheid te verminder. Daar word tans 'n aansienlike bedrag geld aan sekuriteit bestee om hierdie persele te beveilig.

c) Hierdie eiendomme is verkry om voorsiening te maak vir die konstruksie van die nuwe toegewyde geïntegreerdesnelvervoer-(IRT-)busdiens, MyCiTi, langs die M24 (Racecourse-/Chichester-/Imam Haron-weg) wat deel uitmaak van die groter metro-suidoos-korridor (wat Khayelitsha en Mitchells Plain aan Wynberg en Claremont verbind).

d) Die Stad sal geen geldelike opbrengs ontvang nie, aangesien die strukture gesloop sal word.

e) Alle koste met betrekking tot die transaksie sal vir die Stad se rekening wees.

Vir meer besonderhede oor die transaksie, tree weeksdae tussen 08:30 en 15:00 in verbinding met Brandon Booysen, projekbestuurder: implementering van vervoerinfrastruktuur, by Brandon.Booysen@capetown.gov.za. Enige kommentaar of besware, met redes daarvoor, moet skriftelik na Brandon Booysen by die bovermelde e-posadres of op die 17de verdieping van die burgersentrum gestuur en voor of op 12 Februarie 2024 ontvang word.

## Kennisgewing ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, dat die Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit ("die Stad") voornemens is om 'n kontrak met betrekking tot die VERSKAFFING VAN VOIP-DIENSTE AAN DIE STAD KAAPSTAD 192S/2022/23 aan te gaan. Die kontrak sal finansiële verpligtinge vir die munisipaliteit meebring vir 'n tydperk langer as die drie (3) boekjare wat in die jaarlikse begroting vir die boekjaar 2024/25 gedek word. Openbare kommentaar op die konsepkontrak word hiermee gevra.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 21A en artikel 21 van die Wet op Plaaslike Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat –

(a) die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende persone genooi word om kommentaar of vertoë ten opsigte van die voorgestelde konsepkontrak(te) by die Stad in te dien; sodanige kommentaar of vertoë moet nie later nie as 9 Februarie 2024 per elektroniese pos ontvang word by die e-posadres wat hieronder verskaf word of afgelewer word by die posadres wat hieronder verskaf word;

(b) afskrifte van die konsepkontrak(te) en die inligtingsverklaring wat die Stad se verpligtinge ingevolge die konsepooreenkoms(te) saamvat, beskikbaar is vir insae by subraadskantore asook die Stadsbiblioteke en ook toeganklik sal wees by http://www.capetown.gov.za (amptelike webwerf van die Stad);

(c) meer besonderhede en duidelikheid per e-pos aangevra kan word by Abubakr.Saban@capetown.gov.za en op die bogenoemde webwerf beskikbaar gestel sal word.

| Fisiese adres | Posadres |
|---|---|
| Stad Kaapstad<br>Inligtingstelsels en Tegnologie<br>Kaapstad-burgersentrum<br>Hertzog-boulevard 12<br>Kaapstad 8001 | Posbus 298<br>Kaapstad<br>8000 |

Voorleggings moet as volg gemerk word: **"192S/2022/2023 - SUPPLY OF VOIP SERVICES TO CITY OF CAPE TOWN CONTRACT - SECTION 33 PROCESS"**

Persone wat fisies gestrem is of nie kan skryf nie maar aan die proses wil deelneem, kan gedurende kantoorure na die kantore hierbo kom waar 'n personeellid hulle sal bystaan om die toepaslike kommentaar of vertoë neer te skryf.

## Kennisgewing ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, dat die Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit ("die Stad") voornemens is om 'n kontrak met betrekking tot die VERSKAFFING VAN MOBIELE DATADIENSTE aan te gaan. Die kontrak sal finansiële verpligtinge vir die munisipaliteit meebring vir 'n tydperk langer as die drie (3) boekjare wat in die jaarlikse begroting vir die boekjaar 2024/25 gedek word. Openbare kommentaar op die konsepkontrak word hiermee gevra.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 21A en artikel 21 van die Wet op Plaaslike Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat –

(a) die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende persone genooi word om kommentaar of vertoë ten opsigte van die voorgestelde konsepkontrak(te) by die Stad in te dien; sodanige kommentaar of vertoë moet nie later nie as 9 Februarie 2024 per elektroniese pos ontvang word by die e-posadres wat hieronder verskaf word of afgelewer word by die posadres wat hieronder verskaf word;

(b) afskrifte van die konsepkontrak(te) en die inligtingsverklaring wat die Stad se verpligtinge ingevolge die konsepooreenkoms(te) saamvat, beskikbaar is vir insae by subraadskantore asook by die Stadsbiblioteke en ook toeganklik sal wees by www.capetown.gov.za (die Stad se amptelike webwerf);

(c) meer besonderhede en duidelikheid per e-pos aangevra kan word by Abubakr.Saban@capetown.gov.za en op die bogenoemde webwerf beskikbaar gestel sal word.

| Fisiese adres | Posadres |
|---|---|
| Die Stadsbestuurder<br>Tenderverspreidingskantoor<br>2de verdieping, Burgersentrum,<br>Hertzog-boulevard 12,<br>Kaapstad 8001 | Abubakr Saban<br>3de Verdieping Toringgebou<br>Burgersentrum<br>Hertzog-boulevard 12<br>Kaapstad<br>E-pos:<br>Abubakr.Saban@capetown.gov.za<br>Tel: 021 400 9045 |

Voorleggings moet as volg gemerk word: **"CONTRACT NO. 201S PROVISION OF MOBILE DATA SERVICES - SECTION 33 PROCESS"**

Persone wat fisies gestrem is of nie kan skryf nie maar aan die proses wil deelneem, kan gedurende kantoorure na die kantore hieronder kom waar 'n personeellid hulle sal bystaan om die toepaslike kommentaar of vertoë neer te skryf.

| Fisiese adres | Posadres |
|---|---|
| Die Stad Kaapstad:<br>Departement IS&T<br>3de verdieping toringgebou<br>Burgersentrum<br>Hertzog-boulevard 12<br>Kaapstad<br>Tel: 021 400 9074 | Tenderverspreidingskantoor<br>2de verdieping wandelvlak<br>Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12 Strandgebied<br>Kaapstad<br>8001 |

Voorleggings moet as volg gemerk word: **"TENDER NO. 201S/2022/23 PROVISION OF MOBILE DATA SERVICES - SECTION 33 PROCESS"**

## Kennisgewing ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, dat die Stad Kaapstad (die Stad) voornemens is om 'n kontrak(te) aan te gaan met betrekking tot Tender 275C/2022/2023: Samestelling van 'n paneel aktebesorgers om die oordrag van laekostebehuising vir die departement menslike nedersetting te hanteer, indien en wanneer dit nodig is.

Die kontrak(te) sal finansiële verpligtinge vir die Stad meebring vir 'n tydperk langer as die drie (3) boekjare wat in die jaarlikse begroting vir die boekjare 2023/2024, 2024/2025, 2025/2026, 2026/2027 en 2027/2028 gedek word.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 21A en artikel 21 van die Wet op Plaaslike Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat –

(a) die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende persone genooi word om kommentaar of vertoë ten opsigte van die voorgestelde konsepkontrak(te) by die Stad in te dien; sodanige kommentaar of vertoë moet nie later nie as **22 Januarie 2024** per elektroniese pos ontvang word by die e-posadres wat hieronder verskaf word of afgelewer word by die posadres wat hieronder verskaf word;

(b) afskrifte van die konsepkontrak(te) en inligtingsverklaring wat die Stad se verpligtinge ingevolge die konsepooreenkoms(te) saamvat, beskikbaar is vir insae by die plekke wat hieronder aangegee word asook by al die Stadsbiblioteke en ook beskikbaar sal wees by www.capetown.gov.za (die Stad se amptelike webwerf);

(c) meer besonderhede en duidelikheid per e-pos aangevra kan word by Asanda.Maqubela@capetown.gov.za en op die bogenoemde webwerf beskikbaar gestel sal word.

| Fisiese adres | Posadres |
|---|---|
| Die Stadsbestuurder<br>Tenderverspreidingskantoor<br>2de verdieping,<br>Hertzog-boulevard 12,<br>Kaapstad | Asanda Maqubela<br>Stad Kaapstad<br>Menslike Nedersettings<br>Beplanning van Menslike Nedersettings<br>Posbus 298<br>Kaapstad 8001 |

Voorleggings moet as volg gemerk word: **"Contract 275C/2022/2023: Establishment of a panel of conveyancers to attend to the transfer of low cost housing for the Human Settlements Planning Department, as and when required."**

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en mense uit agtergeblewe groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, bystaan om hulle besware neer te skryf en by die Stad in te dien.

Indien u sodanige bystand verlang, kontak die Stad Kaapstad se eenheid vir openbare deelname: **Anathi Dywili by 021 400 9809 of 0800 212 176 of e-pos Anathi.Dywili@capetown.gov.za**

Vir meer besonderhede van die wysiging van die bestaande kontrak, kontak asseblief Asanda Maqubela by Asanda.Maqubela@capetown.gov.za.

## Kennisgewing ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, dat die Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteitt ("die Stad") voornemens is om 'n kontrak met betrekking tot die VERSKAFFING, INSTALLERING EN INSTANDHOUDING VAN TELEKOMMUNIKASIEBESTUURSTELSELS VIR DIE STAD KAAPSTAD aan te gaan. Die kontrak sal finansiële verpligtinge vir die munisipaliteit meebring vir 'n tydperk langer as die drie (3) boekjare wat in die jaarlikse begroting vir die boekjaar 2024/25 gedek word. Openbare kommentaar op die konsepkontrak word hiermee gevra.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 21A en artikel 21 van die Wet op Plaaslike Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat –

(a) die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende persone genooi word om kommentaar of vertoë ten opsigte van die voorgestelde konsepkontrak(te) by die Stad in te dien; sodanige kommentaar of vertoë moet nie later nie as 9 Februarie 2024 per elektroniese pos ontvang word by die e-posadres wat hieronder verskaf word of afgelewer word by die posadres wat hieronder verskaf word;

(b) afskrifte van die konsepkontrak(te) en die inligtingsverklaring wat die Stad se verpligtinge ingevolge die konsepooreenkoms(te) saamvat, beskikbaar is vir insae by subraadskantore asook by die Stadsbiblioteke en ook toeganklik sal wees by www.capetown.gov.za (die Stad se amptelike webwerf);

(b) meer besonderhede en duidelikheid per e-pos aangevra kan word by Razien.Suffla@capetown.gov.za en op die bogenoemde webwerf beskikbaar gestel sal word.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en mense uit agtergeblewe groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, bystaan om hulle besware neer te skryf en by die Stad in te dien.

Indien u sodanige bystand verlang, kontak die Stad Kaapstad se eenheid vir openbare deelname: **Anathi Dywili by 021 400 9809 of 0800 212 176 of e-pos Anathi.Dywili@capetown.gov.za**

Vir meer besonderhede van die wysiging van die bestaande kontrak, kontak Razien Suffla by Razien.Suffla@capetown.gov.za.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
12 Januarie 2024

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

DIE BURGER PROOF